

KLEINFONTEIN BOEREBELANGE KOÖPERATIEF BEPERK (KBK Bpk)

INTERNE REËLS

Goedgekeur deur die Direksie 12 Julie 2007

Opgestel en instand gehou deur die Raad van Direkteure in terme van artikel 61 van die Statuut van die koöperasie.

Hierdie dokument van Kleinfontein Boerebelange Koöperatief beperk (KBK Bpk) omskryf die reëls en onderlinge verhouding van lede en belanghebbendes. Lede en Belanghebbendes is onderworpe aan die nakoming van hierdie reëls en regulasies soos van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure ingestel en gewysig.

1 MISSIE:

Om die eiendom in sy besit in 'n leefruimte vir vryheidsliewende lede van die Boere-Afrikanervolk te ontwikkel, waar hulle alle fasette van hulle eiesoortige volksbestaan, waarvan hulle Christelike geloof, taal en kultuur die belangrikste is, vryelik, onbedreigd en ongehinderd kan uitleef in 'n plaaslike welvarende ekonomie wat op volkseie arbeid gevestig is.

2 OPRIGTING VAN DIE KOÖPERASIE

Kleinfontein Boerebelange Koöperatief Beperk is opgerig kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings (Wet 91 van 1981) soos gewysig.

3 STATUUT

Die Statuut van KBK Bpk is by die Registrateur van Koöperasies geregistreer ingevolge die Wet en omskryf die oprigting van die Koöperasie, sy besigheidsplekke, doelstellings, bevoegdhede ens.

4 WOORDOMSKRYWING

In hierdie dokument, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking die betekenis wat daaraan geheg is in die Wet of Statuut, en het die die volgende woorde en begrippe die betekenis soos omskryf:

Aandeelhouer of lid: 'n persoon aan wie aandele in KBK toegeken is.

Aansoeker: 'n persoon wat aansoek om lidmaatskap gedoen het en aan wie nog nie aandele toegeken is nie, omdat die aandele nog nie opbetaal is nie.

Artikel: die ooreenstemmende artikel in die Wet of Statuut.

Belanghebbende: enige ander persoon wat belange in Kleinfontein het, insluitende aansoekers, huurders, inwoners.

Direksie: die Raad van Direkteure van KBK Bpk

Heemraad: 'n Raad saamgestel om geskilbelegting op Kleinfontein te hanteer.

Huurder: 'n persoon wat eiendom in Kleinfontein huur.

Inwoner: 'n belanghebbende in Kleinfontein.
Lidmaatskap: beteken lidmaatskap van KBK Bpk.
Perseel: grond van KBK Bpk waarop gebruiksreg verkry is.
Raad: die Raad van Direkteure van KBK Bpk.
Statuut: die geregistreerde statuut van KBK Bpk.
Statuut nr: die betrokke artikel in die Statuut.
Wet: die Wet op koöperatiewe Verenigings, 1981 (Wet 91 van 1981) soos gewysig.

5 REGSGELDIGHED.

Hierdie reëls, regulasies en bepalings is bindend op lede en belanghebbendes in terme van artikel 61 van die Statuut.

6 VERKLARING

Lede en belanghebbendes verklaar hierin soos volg:

- 6.1 Ons erken God Drie-enig, soos geopenbaar in die Bybel as die enigste en ware God wat die lotgevalle van alle mense, volkere en nasies bepaal en beheer. Ons glo dat ons ons roeping om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar (Kultuuropdrag, Gen. 1:28 en Gen. 2:15) ook/beter kan nakom deur selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk op Kleinfontein na te streef.
- 6.2 Ons onderneem om in ons optrede God Drie-enig te verheerlik en in ons daaglikse omgang en arbeid te werk vir en te streef na die uitbouing van die Christelike geloof.
- 6.3 Ons verklaar onself deel van die Boere-Afrikanervolk en onderneem om, in gelowige erkentlikheid aan God, die Afrikaanse taal, kultuur, tradisies, opvoeding van ons kinders en die lewens- en wêreldbeskouing van die Boere-Afrikanervolk soos dit in sy Protestantse wortels geanker is, te onderskryf, beskerm, eerbiedig, uit te leef en te bevorder.
- 6.4 Met die oog op die goeie orde en die koöperatiewe getuieniskarakter van Kleinfontein en in navolging van ons pionierserfenis, is dit ons oortuiging om die Sondag as die opstandingsdag (Dag van die Here), en daarom as rusdag in ooreenstemming met die Bybel te vier (vgl Mark. 16:1,2; Hand. 20:7; 1Kor. 16:2 en Openb. 1:10). Sondae en tradisionele kerklike feesdae asook Geloftedag sal nie in die teken staan van werk, harde musiek of enige ander vorm van lawaai nie. Dienooreenkomstig word op Sondae geen handel gedryf nie en geen sport beoefen nie en ter voorkoming van moontlike maatskaplike probleme word geen drankverkope op Kleinfontein toegelaat nie.
- 6.5 Ons onderskryf die vryemarkstelsel as ekonomiese model wat as ideaal nagestreef moet word, binne die raamwerk van die besondere ekonomiese werklikhede in Kleinfontein en geskoei op koöperatiewe beginsels.

7 AANDEELHOUDING EN LIDMAATSKAP.

- 7.1 Lidmaatskap word deur die Raad oorweeg en indien goedgekeur, word aandele in die koöperasie toegeken teen nominale waarde van R 1 000.00 per aandeel, soos in die Statuut bepaal.

- 7.2 Aandele word slegs in die naam van een natuurlike persoon toegeken.

Afdeling oor Bestuursake

8 RAAD VAN DIREKTEURE

- 8.1 Die Koöperasie se sake word deur die Raad, wat deur die lede op 'n algemene vergadering verkies word ingevolge die bepalinge van die Wet en Statuut, bestuur en beheer.
- 8.2 Die Raad vergader van tyd tot tyd en sy werksaamhede omvat die volgende:
- 8.2.1 direksievergaderings is verantwoordelik vir besluitneming oor openbare betrekkinge, finansies, administrasie, regsake en enige ander sake wat die belange van die Koöperasie en Kleinfontein raak en mag kragtens die Wet bevoeghede en verantwoordelikhede deleger aan die Gemeenskapsraad, komitees of persone.

9 GEMEENSKAPSRAAD

- 9.1 Verantwoordelikheid en bevoegdheid.
Die Gemeenskapsraad is, met delegasie vanaf die Direksie, verantwoordelik vir beheer oor en uitvoerende bestuur van die fisiese ontwikkeling van Kleinfontein, die verskaffing van dienste aan lede/belanghebbendes (sien art 4 hierbo) en die dag tot dag sake van Kleinfontein deur komitees wat stelselmatig ontwikkel in departemente met uitvoerende hoofde. (Sien bylae H)
- 9.2 Koördinering van werksaamhede.
Koördineringskomitee.
Uitvoering van besluite geneem op vergaderings van die Gemeenskapsraad, koördinering van werksaamhede en deurlopende bepaling van voorkeure met betrekking tot ontwikkelingswerke word deur die Koördineringskomitee gedoen, wat vir dié doel gereeld vergader. (Sien bylae H).

Afdeling oor Finansies

10 NAKOMING VAN GELDELIKE VERPLIGTINGE

- 10.1 Lede en belanghebbendes onderneem om betaling van hulle heffingsrekenings en leningsrekening (die afbetaling op hulle aandeelbelang) sowel as enige ander geldelike verpligtinge wat mag ontstaan, stiptelik na te kom en aanvaar dat die Direksie by magte is om stappe te neem om betaling af te dwing en om teen wanbetalers op te tree.
- 10.2 Lede en belanghebbendes aanvaar dat kwytstelling van heffings of enige uitstaande skulde in terme van die koöperasie se kredietbeleid nie gedoen kan en sal word nie.
- 10.3 Indien 'n lid of belanghebbende agterstallig is met betalings, sal gelde wat wel ontvang word, in die volgende volgorde aangewend word: eerstens agterstallige leningsrekening teen die maandelikse bedrag soos

- ooreengekom in die betrokke se skuldonderneming; daarna vir boetes deur KBK Bpk opgelê; daarna vir enige diverse bedrae aan KBK Bpk verskuldig; daarna vir diensteheffings; daarna vir waterverbruik en daarna vir elektrisiteitsverbruik.
- 10.4 Die Raad behou die reg voor om, indien enige lid of belanghebbende bly versuim of weier om die ooreengekome bedrae te betaal, alle dienste na die betrokke perseel af te sny.
- 11 **KREDIETBELEID**
Die koöperasie se kredietbeleid soos op sy aandrang, aan die Registra-
teur van koöperasies verstrek, behels die volgende:
- 11.1 Uitstaande aandeelaansoekgeld (leningsrekening). By wanbetaling van 'n
aansoeker se agterstallige verpligtinge en herhaalde versuim om te
reageer op aanmanings deur die Raad, neem die Raad 'n eensydige
besluit om die ooreenkoms met die aansoeker te kanselleer en val die
aandeelbelang terug na die koöperasie vir herverkope.
- 11.2 Uitstaande heffingsrekeninge.
- 11.2.1 Heffingsrekeninge is streng binne 30 dae betaalbaar en die Direksie
behou die reg voor om in terme van die koöperasie se kredietbeleid agter-
stallige rekeninge aggressief in te vorder.
- 11.2.2 Invorderings word gedoen deur outomatiese aanmanings op die
heffingsrekeninge en, by volgehoue wanbetaling, deur briefwisseling.
- 11.2.3 Die Kredietkomitee, aangestel deur die Direksie, gee deurlopend aandag
aan agterstallige rekeninge en neem gepaste stappe deur briefwisseling
en telefoonoproepe en maak aanbevelings aan die Direksie oor regsaksie
en uiteindelik oor skorsing as lid en uitsetting in geval die skuldenaar slegs
'n huurder is.
- 12 **Gedragkodes**
- 12.1 **ALGEMENE GEDRAGSKODE**
Die gedragkode van Kleinfontein moet onderteken word deur en is
bindend op elke belanghebbende wat insluit , elke lid, ampsdraer, direkteur
heemraadslid, amptenaar, komiteelid, wyksverteenwoordiger, inwoner,
huurder en elkeen aanvaar en onderwerp hom/haar aan hierdie kode,
ongegag of hy/sy dit onderteken het of nie. (Sien bylaag I)
- 12.2 **GEDRAGSKODE VIR PUBLIKASIES**
Die volgende reëls,soos deur die Direksie goedgekeur op 16 Oktober
2006, geld vir die ontvang, uitreik , uitgee of oordra van skriftelike of
elektroniese inligting of bewerings op Kleinfontein of enige ander plek wat
die belange van die koöperasie, sy lede of ander belanghebbendes mag
raak:
- 12.2.1 Die openbare beeld van KBK Bpk (die koöperasie) , die eenheid en
samerwerking tussen lede en ander belanghebbendes onderling
moet nie aangetas word nie.

- 12.2.2 Die inligting moet juis wees; die kommentaar moet billik wees, en nie aanstootlik of skadelik wees vir KBK Bpk of lede en belanghebbendes nie.
- 12.2.3 Geen geweld of aanhitsing tot geweld mag verkondig word nie.
- 12.2.4 Geen haat wat gegrond is op ras, kultuur-etnisiteit, geslag of geloof, mag bevorder word nie.
- 12.2.5 Die privaatheid van lede en belanghebbendes op Kleinfontein moet eerbiedig word.
- 12.2.6 Slegs die Raad van Direkteure of persone deur die Raad gemagtig, mag namens KBK Bpk interne of openbare verklarings uitreik of uitlatings maak.
- 12.2.7 Goedkeuring van inligting wat nie deur die Raad versprei word nie, moet deur die Taakgroep wat deur die Raad saamgestel is, vir verspreiding oorweeg word. Enige sodanige inligting moet twee weke voor publikasie en/of uitreiking deur die kantoor aan die Taakgroep voorgelê word en die Taakgroep moet binne een week uitsluitel gee.
- 12.2.8 Enige geskil wat ontstaan as gevolg van die afkeur van 'n publikasie of Inligtingstuk vir verspreiding, sal deur die Raad van Direkteure na die Heemraad vir beslegting verwys word.
- 12.2.9 Hierdie reëls geld behoudens die bepalings van die Wet op koöperasies, en die Statuut van KBK Bpk.
- 12.2.10 Vryspraak tussen lede en belanghebbendes van KBK Bpk moet verwelkom word.
- 12.2.11 Die voorbehoud bly egter dat die doelstellings van KBK Bpk deur die koöperatiewe samewerkingstradisie bevorder word.
- 12.2.12 Gevolglik maak die deelnemende struktuur van KBK Bpk ruim voorsiening vir inspraak, raadpleging en betrokkenheid van lede en belanghebbendes.
- 12.2.13 Persone wat deur onbevestigde uitsprake of bewerings geraak word, het die reg en moet geleentheid gegun word om op 'n aanvaarbare wyse daarop te antwoord, voordat die uitsprake, standpunte of bewerings wat gestel word, bekend of openbaar gemaak word.
- 12.2.14 Die reëls van KBK Bpk vereis dus dat die voorgeskrewe prosedure en werkswyse gevolg word om 'n saak of standpunt te bevorder.

13. Die bou-omgewing

- 13.1 Alvorens enige tydelike of permanente struktuur op 'n perseel of onderverdeelde perseel opgerig mag word, moet die infrastruktuurkoste (**minstens een derde van die koopprys**), bouinspeksiegelde en dienste-deposito betaal wees. Voordat 'n lid mag bou, moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die kantoor daarvoor aansoek gedoen word en die bouplanne ingehandig word vir oorweging deur die bouinspektoraat..
- 13.2 Alle bouplanne moet deur Kleinfontein se bou-inspektoraat goedgekeur wees voordat bouery begin word.
- 13.3 Boueregulasies moet van die kantoor verkry word sodat die bepalings daarvan nougeset nagekom kan word.

- 13.4 Enige aanbouings moet voorafgegaan word deur die bou-inspektoraat se goedkeuring van die voorgestelde bouplanne wat ook die onderskeie buite-aansigte aantoon.
- 13.5 Enige aanbouings moet voorafgegaan word deur die betaling van die voorgeskrewe fooi.
- 13.6 Opruiming van die perseel na voltooiing van bouwerk moet tot die bou-inspektoraat se bevrediging deur die kontrakteur en/of deur die eienaar gedoen word.
- 13.7 Geen persoon is geregtig om enige grond waartoe benuttingsreg bekom is onder te verdeel of te verhuur sonder vooraf goedkeuring van die Direksie nie. (Vgl. Bylae A).
- 13.8 Die verskuiwing en/of verwydering van erfpenne en alle ander penne en bakens is verbode. Die koste verbonde aan KBK Bpk se herplasing van penne sal vir die rekening van die eienaar wees. Die bou-inspektoraat moet verwittig word van enige toevallige versteurings van penne.
- 13.9 Lede en belanghebbendes onderwerp hulle aan die reëls van die bou-inspektoraat en die estetiese komitee en onderneem om alleen vooraf goedgekeurde strukture op die eiendom van KBK Bpk (waarop daar 'n eie benuttingsreg verkry is) op te rig. (vgl. Bylaag M)
- 13.10 KBK Bpk aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade as gevolg van enige gebrek in die oprigting van die gebou, asook die nie-nakoming van die bouregulasies en die ooreenkoms tussen die eieneaar en sy kontrakteur(s) nie.
- 13.11 Elektriese nakomingssertifikate moet na installering van elektriese krag verkry en ingedien word alvorens permanente krag aansluiting gedoen en eienaars toegelaat sal word om okkupasie te neem. 'n Nakomingsertifikaat mag nie vir sy eie werk deur 'n elektrisiën uitgereik word nie. Die Raad aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade as gevolg van elektriese foute aan huise nie.
- 14 **Herverkope van belange**
Beleid en prosedure met betrekking tot herverkope van belange word uiteengesit in die amptelike bemarkingsbeleid, bylae B.
- 15 **Watersake**
- 15.1 KBK Bpk behou beheer oor al die ondergrondse water op Kleinfontein (nedersetting en hoewes).
- 15.2 Die oordeelkundige gebruik van water moet 'n leefwyse word .
- 15.3 Die waterbeperrings wat die Raad noodwendig gedurende droogtetye instel, moet eerbiedig word.
- 15.4 'n Wateraansluiting word net gegee nadat bouplanne goedgekeur, die voorgeskrewe fooie betaal is en by die hoewes 'n watertenk opgerig is.
- 15.5 Die peuter met 'n watermeter en die watertoevoer is 'n oortreding van die reëls waarteen die Raad ernstig en onverbiddelik sal optree.
- 16 **Riool**

16.1 Die voorskrifte van die bou-inspektoraat met betrekking tot verrottingsputte (septiese tenks) vir rioolafval en sypelslote moet streng nagekom word ten einde te voorkom dat onsuiverhede in ons waterbronne beland. Die voorskrifte is by die kantoor verkrygbaar.

17 **Oopruimtes**

17.1 Oopruimtes, nl rante, grasvlaktes, bome, vleigebiede, Eskom serwitute, sypaadjies, damme, onbeboude persele, word bestuur deur die oopruimte-komitee en die reëls van hierdie komitee moet eerbiedig word. (Sien bylae F).

17.2 Die geologie en ekologie van Kleinfontein, met insluiting van die *fauna* en *flora*, asook die oorblyfsels van historiese strukture mag nie versteur word nie. Dit behels o.m. die volgende:

- Geen veldplante/blomme mag in die oopveld of aangrensende of ander leë persele verwyder word nie.
- Geen grond en/of klippe mag sonder goedkeuring verskuif word nie
- Die willekeurige storting van rommel en/of tuinvullis is verbode.
- Kampering geskied slegs op goedgekeurde plekke.
- Vure word slegs gemaak op plekke wat daarvoor aangedui is.
- Die terrein word te alle tye netjies gehou.

18 **Storting van vullis of rommel**

Geen tuinafval, bourommel, plastiek van enige aard, verf- of chemiese houers mag op Kleinfontein gestort word nie. Inwoners moet dit self wegry na 'n goedgekeurde stortingsterrein of met die kontrakteur wat vullis-verwydering doen, reël. Ons waterbronne is te kosbaar om dit te laat besoedel.

19 **Vullisverwyderingsdiens**

Die gebruikmaking van Kleinfontein se vullisverwyderingsdiens vir huishoudelike afval is verpligtend weens gesondheids- en ekonomiese redes en die reëls daaraan verbonde moet nagekom word. Vir verwydering van enige buitengewone vullis of rommel, moet inwoners met die aangestelde kontrakteur self reël en aan hom betaal soos onderling ooreengekom.

20. **Private groepsfunksies**

20.1 Enige persoon of organisasie wat begerig is om 'n openbare funksie op die eiendom van KBK Bpk te hou, moet minstens 14 dae voor die tyd skriftelik aansoek doen by die kantoor. Volle besonderhede soos op die voorge – skrewe vorm vereis, moet verstrek word.

20.2 Die Direksie behou die diskresie om die aansoek goed- of af te keur, bepaal die fooie, die dienste wat verskaf word en die benuttingsvoorwaardes.

20.3 Vir die voorbereiding, aanbieding en opruiming van die funksie, mag slegs volkseie arbeiders gebruik word.

21. **Woonwapark**
Die benutting van die woonwapark is onderhewig aan die reëls van die Woonwapark, wat by die opsigter verkrygbaar is en geen verbreking van die reëls sal toegelaat word nie.
22. **Wildpark**
Die bewoning en benutting van die wildpark is onderhewig aan die reëls van die wildpark, wat by die kantoor verkrygbaar is. Sien bylae C.
23. **Sportterrein**
Die sportterrein, insluitende die swembad, rugbyveld, netbalbane, hokkieveld, kleedkamers en die gedeeltes van die terrein tussenin, word deur die sportkomitee bestuur en die benutting daarvan is onderhewig aan die reëls van hierdie komitee, wat by die kantoor beskikbaar is. Sien bylae E.
- 24 **Gemeenskapsaal**
Die saal word bestuur deur die Saalkomitee en die benutting daarvan is onderhewig aan die reëls van hierdie komitee, wat by die kantoor beskikbaar is. Sien bylaag G.
25. **Aflewering op Kleinformte**
Afweringvoertuie (goedere en dienste) moet, indien daartoe versoek word, by die hek ontmoet en vergesel word totdat dit weer die terrein verlaat. Sover moontlik word sulke voertuie deur 'n toegangbeheerbeampte per motorfiets begelei en sal inwoners die toepaslike fooi moet betaal.
26. **Troeteldiere**
- 26.1 Katte moet beperk word, moet gesteriliseer wees (waarvoor op aanvraag 'n sertifikaat getoon moet word) en katte moet binne eienaars se huis/erf gehou word en mag nie 'n las vir bure wees nie.
- 26.2 Honde mag net aangehou word in behoorlik omheinde persele.
- 26.3 Alle honde moet op straat aan 'n leiband en onder toesig en beheer wees.
- 26.4 Die gedrag van huisdiere moet voldoen aan die redelike en aanvaarbare vereistes en behoeftes van die gemeenskap.
- 26.5 Voëls en kleinwild mag nie deur honde of katte gejaag, gejag of verwilder word nie.
- 26.6 Indien inwoners loslopende honde of katte nie self inperk nie, sal die Raad sulke inwoners verplig om van hulle diere ontslae te raak of as samewerking nie verkry word nie, sal die Raad verplig wees om sulke diere vankant te laat maak. Oortreding van bogenoemde reëls sal nie geduld word nie.

Afdeling oor regsake

- 27 **Geskilbeslegtingsprosedure**
- 27.1 Lede en belanghebbendes verbind hulle tot die geskilbeslegtingsprosedure waarvolgens enige geskil wat tussen direkteure of lede of belanghebbendes

- onderling en/of tussen hulle en KBK Bpk ontstaan, besleg sal word.
- 27.2 Indien die geskil nie binne 'n redelike tydperk bygelê word nie, word die geskil na die Heemraad verwys vir bemiddeling. (bylae D).
- 28 **HEEMRAAD**
- 28.1 Die Heemraad funksioneer onafhanklik van KBK Bpk kragtens sy eie Grondwet, soos goedgekeur deur die lede van KBK Bpk op 'n Buitengewone Algemene Vergadering op 3 Maart 2007. Die Grondwet is by die kantoor van KBK Bpk beskikbaar.
- 28.2 Heemraad bestaan uit sewe lede uit die gemeenskap wat by die Jaarlikse Algemene Vergadering van lede van KBK Bpk vir 'n tydperk van twee jaar verkies word.
- 28.3 Die verkiesing van heemraadslede geskied uit 'n lys van genomineerdes wat die Raad aan die ledevergadering voorlê.
- 28.4 Geen lid mag gelyktydig 'n stemgeregtigde lid van die Raad van Direkteure en van die Heemraad wees nie.
- 28.5 Die Heemraad is verantwoordelik om geskille tussen lede van die Raad of lede van KBK Bpk onderling, sowel as geskille tussen lede of belanghebbendes en die Raad, of tussen lede en belanghebbendes wat na hulle verwys word, by te lê.
- 28.6 Geen Heemraadslid wat belang by die geskil of verwantskap met enige party in die geskil het, of self in 'n geskil betrokke is, mag by die geskilbeslegtingsprosedure betrek word nie.
- 28.8 Alle lede en belanghebbendes van die koöperasie onderwerp hulle aan die gesag van die Heemraad en onderneem om hul samewerking te gee in enige geskilbeslegtingsprosedure wat mag ontstaan en om hulle in die beslissing te berus
29. **Veiligheid**
- 29.1 Die Veiligheidskomitee is verantwoordelik vir die handhawing van die veiligheid op die eiendom van KBK Bpk. (sien bylaag J).
- 29.2 Huisbewoners is self verantwoordelik vir die versekering en beskerming van hulle belange.
- 29.3 Die Ingangspoort word 24 uur daagliks beman.
- 29.5 Daar moet by die ingang stilgehou en geduld beoefen word sodat die toegangbeheerbeampte sy pligte na behore kan uitvoer. Dit is in belang van die veiligheid van almal.
- 30 **Wysiging.**
Hierdie reëls word van tot tot tyd deur die Raad van Direkteure gewysig of uitgebrei soos en indien nodig.

Onderteken te Kleinfontein op..... dag van..... 20....

.....

Aansoeker